Ef 1:1-15 **DIT IS WIE ONS IS**

In die rolprent Forest Gump vra hulle op ‘n dag vir Forest: “Wat wil jy graag wees as jy eendag groot is?”
Toe antw hy ewe verdwaas: “Kan ek nie maar myself wees nie?”

**ONS DENKE OOR ONSSELF BEINVLOED ONS OPTREDE**
Maar: Wie <u>is</u> ek? Wat is my i**dentitei**t?
Dis ‘n **belangrike vraag**!
Hoekom? Want ons *denke oor onsself* is geneig om ons *optrede* te beinvloed. Daarom is ‘n goeie *selfbeeld* so belangrik.
As jy bv dink jy is *dom met syfers*, sal jy waarskynlik nie na wense vorder met Wiskunde nie, al is jy ook intelligent. As jy glo jy is *niks werd* nie, is die kans goed dat jy jou soos ‘n niksnuts sal gedra.
**Wat jy doen, bepaal nie wie jy is nie. Wie jy is, bepaal wat jy doen.** Prof **Tim Noakes** vertel dat deel van die Springbokke se sielkundige voorbereiding voor die vorige wêreldbeker was dat hulle aan hulleself moes dink as kampioene – en ‘n paar weke daarna is hulle inderdaad as kampioene gekroon!

**WEET WIE JY IN GOD SE Oë IS**
**Paulus se Briewe** bestaan gewoonlik uit twee dele. Hy begin met ‘n LEERSTELLIGE deel. Daarin skryf hy oor wat ons moet WEET ivm God, onsself, die sonde en oor redding. Dan volg ‘n PRAKTIESE deel. Dit handel weer oor wat ons moet DOEN om ons geloof prakties uit te lewe. Ons is soms geneig om **kortpad** te wil neem. Ons soek na *kitsoplossings*. Ons wil sommer by die *praktiese dinge* begin. Dit is soos om te begin *bou* sonder om eers ‘n behoorlike fondament te grawe. **‘n Mens moet eers weet wie jy is in God se oë.**
Baie Christene gaan gebuk onder **‘n swak selfbeeld** omdat hulle hul nie sien soos wat God hulle sien nie. **Satan** sal ook sy beste probeer om jou te oortuig dat jy *‘n onwaardige, onaanvaarbare, sonde-besmette mens* is wat niks goeds in God se oë kan doen nie. As jy dit glo, sal jy ook nie die *moed en die lus* hê om jou teen hom te verset nie. Dit is dan wanneer mense hulle **gewetens sus** met die woorde: *“Ek is nou maar eenmaal ‘n sondaar; ek het nou maar hierdie swakheid, ek is maar net ‘n mens!”*
Maar Satan is ‘n **leuenaar.** Wat hy oor jou te sê het, is eenvoudig nie waar nie. Ons is nie maar *“net ‘n mens”, “‘net ‘n swakke sondaar”* nie!
Dis nie soos wat God ons sien nie – en DIT is wat belangrik is: **Hoe sien God my?** Wie is ek in Sy oë?
**Verlede Sondag** – Hy praat van ons as *“my geliefde kind”* (Matt 3:17).
**Johannes**: *“Kyk watter groot liefde die Vader aan ons bewys het: Hy noem ons kinders van God, en ons is dit ook.”* (1 3:1)
As Christen is jy en ek **iemand spesiaal, danksy God**. Ons *beroem* ons nie daarop nie; ons *spog* nie daarmee nie; ons is nie *hoogmoedig* daaroor en sien op ander neer nie. Soos Paulus skryf: *“Die wat wil roem, moet in die Here roem.”* Ons het **slegs reageer** op God se uitnodiging om sy kind te wees. Ons het maar net “Ja” en “Amen” gesê op wat God by ons doop vir ons gesê het. Paulus: *“... deur die genade van die Here is ek wat ek is”* (1 Kor 15:10). Juis daarom durf jy **nie minderwaardig** oor jouself dink nie.
**Neil T Anderson** vertel in ‘n boek, *‘n Lewe van Oorwinning*, van ‘n meisie wat verskeie jare aan dieetsiektes gely het. Hy het haar gehelp, nie deur haar gedrag te probeer verander nie, maar deur die oortuigings oor God en haarself te help verander.

Vir die eerste keer in haar lewe is sy verseker van die waarde wat sy as mens vir God inhou. En sy het dit begin glo. Na dertig dae was daar ‘n dramatiese verandering. Sy het haarself begin sien soos wat sy werklik in Christus is. Haar gedrag het begin aanpas by haar werklike geestelike identiteit.

**‘N NUWE MENS IN CHRISTUS**
Deur die **wedergeboorte** het ons ‘n **nuwe identiteit** ontvang. Ons is nou nie meer *“net” ‘n sondaar nie* – ons is nou geredde sondaars; Ons is nou nie meer *“net” ‘n swakke mens* nie, ons is nou ‘n nuwe mens, tot alles in staat deur Christus wat ons krag gee (Fil 1:21).
Van hierdie nuwe mens word gesê dat hy/sy ***“in Christus”*** is. Paulus is veral baie lief vir hierdie uitdrukking. In sy brief aan die **Efesiërs** is daar 40 verwysings daarna om in Christus te wees en om Christus in jou te hê. Vir elke verwysing na Christus wat in jou is, is daar 10 na jou wat in Christus is. Wat beteken dit? **Dat dit wat van Christus waar is, is nou ook waar van jou. Wie is ek? Luister weer wat skryf hy**:
<u>Vlgs hfstk 1 beteken dit</u>: 1:1 Ek *behoort aan God*
:3 Ek is met al die seëninge van die Gees geseën
:4 Ek is uitverkies om heilig en onberispelik voor Hom te wees
:5 Ek is sy kind
:7 Ek is verlos en vergewe
:11 Ek is lid van God se volk
:14 Ek het die Heilige Gees
**Hoofstuk 2:** 2:5 Ek is saam met Christus opgewek uit my geestelike dood en het saam met Hom ‘n plek in die hemel ontvang; ek is uit genade gered
:10 Ek is bestem vir goeie dade
:19 Ek is ‘n lid van die huisgesin van God
:20 Ek is deel van die tempel waarvan Christus die hoeksteen is en waarin God woon
**Hoofstuk 3:** 3:6 Ek is lid van die liggaam van Christus en het deel aan wat God belowe het.

Omdat jy *in Christus* is, is elk van hierdie kenmerke waar van jou. Br en sr, **hoe meer ons glo en onthou** dat dit van ons waar is, hoe meer sal ons gedrag in ooreenstemming daarmee wees. *Herinner jou* gedurig daaraan. (Bybel In Praktyk by die boek Efesiërs: *Jou ware identiteit in Christus*).
Vanaf die **volgende hoofstuk** volg die *praktiese deel* waarin Paulus skryf hoedat ons, van wie dit alles waar is, ons behoort te gedra. Nou besef ons: Ons dien God nie om sy aanvaarding *te wen* nie. Ons is *reeds aanvaar en daarom* dien ons Hom. Ons dien Hom nie om sy liefde te wen nie – Hy het ons lief en daarom volg ons Hom.
**Die kern van ‘n oorwinnende Christelike lewe is om te glo wat reeds van jou waar is**. So sal ons *groei* tot geestelike volwassenheid. *Geen mens kan volhou met gedrag wat strydig is met die beskouing wat hy/sy van hom/haarself het nie.*

**Die fondament van ‘n gesonde selfbeeld is om jouself deur God se oë te sien**.
Anderson vertel van ‘n skooldogter, **Claire,** wat regtig nie iets vir die oog was nie en uit ‘n *gebroke gesin* gekom het. Tog was sy baie *gewild* en het sy hope vriende gehad. Wat was haar geheim? Sy het *haarself aanvaar* vir wat God gesê het sy in Christus is: ‘n kind van God. En sy het haar *gewy aan* haar groot doelwit in die lewe: om na sy beeld herskep te word en om mense lief te hê. Sy was vir niemand ‘n bedreiging nie. Sy was positief en het vir ander omgegee. Gevolglik was almal lief vir haar.

**KYK NA MEDE-CHRISTENE DEUR GOD SE Oë**
Maar, geliefdes, natuurlik beteken dit dat ons ander Christene ook in hierdie lig sal **sien** en hulle so **behandel**. Sodoende sal ons *hulle help* om ook al meer vlgs hul ware identiteit op te tree.
**Navorsing** in die VSA het getoon dat 'n kind vir elke positiewe stelling tien negatiewe stellings ontvang. By die *skool* gaan dit effens beter, skoliere hoor by hul onderwysers sewe negatiewe stellings vir elke positiewe stelling. Geen wonder baie kinders is *verloorder*s, of *soek aandag* op onaanvaarbare maniere nie. Dit is nie verniet dat daar in Kol 3:21 staan nie: "*Vaders, moenie gedurig by julle kinders fout soek dat hulle moedeloos word nie."*
Hierdie navorsing toon ook dat **vier positiewe stellings nodig** is om die uitwerking van een negatiewe stelling ongedaan te maak. Vier vriendinne kan bv vir jou vertel watter mooi rok jy aan het, maar laat net een iets negatiefs daaroor sê en kyk hoe ontstel dit jou! Wat ons *van ander sê,* het 'n groot uitwerking op hulle, en *hoe ons hulle sien*, het 'n groot uitwerking op wat ons sê.
Die NT sê dat ons **heiliges is wat sondig**. Enige kind van God wat sê dat hy nie sondig nie, word 'n l*euenaar* genoem (1 Joh 1:8). Maar ons moet nie op mekaar se sondes **konsentreer nie**. Ons moet eerder Christus in mekaar raaksien en *mekaar opbou* – die **"Giving an A"- benadering** toepas waaroor ons laas Sondag gepraat het. Paulus: *"... praat net wat goed en opbouend is volgens die eis van omstandighede, sodat dit julle hoorders ten goede kan kom."* (Ef 4:29) Dan sal ons deel wees van God **se bouspan** in die kerk, eerder as van Satan se afbreekspan. Daar is natuurlik so iets as **opbouende kritiek** ook en dit is ook soms nodig. Kritiek hoef nie altyd afbrekend te wees nie, maar dan moet *dit in liefde* geskied met die ander persoon se *beste belang* in gedagte. Dit is hoedat **God sy kinders tug**. "*Verdra die tug as opvoeding," sê Hebreërs (12:7). "God tug ons tot ons beswil, sodat ons in sy heiligheid mag deel."* (:10)

**DIE IDENTITEIT VAN DIE GEMEENTE**
Gemeente, dit **leer ons** ten slotte ook wat ons identiteit as gemeente is. **Wie is ons wat Sondae hier saamkom?** Ons is nie in die eerste plek 'n klomp witmense, of Afrikaners, of Suid-Afrikaners nie. Die **grondwaarheid** van wie ons is, is dat ons *kinders van God is, na sy beeld geskape, vrygespreek deur die geloof in Jesus Christus*. Die ander goed soos ras en taal en kultuur, wat jou politieke oortuigings en jou herkoms is, is nie onbelangrik nie, maar in die kerk is dit **bysake**, dit *kan verander.* In sekere stedelike kerkgeboue waar daar vroeër *blanke Afrikaners* aanbid het, aanbid daar bv vandag *swart Franssprekende Afrikane,* maar die **identiteit** van die gemeente het *nie verander* nie. Dis *nog steeds* God se kinders wat Hom daar ontmoet. In ons denke oor die toekoms sal ons moet onderskei tussen hoofsaak en bysake. Miskien hoor ons nog vorentoe by God dat Hy hierdie fasiliteite nodig het vir Engelssprekendes, of Franssprekendes en dat hier nog genoeg ander kerkgeboue vir die Afrikaanssprekendes van hierdie omgewing is. Dan wil dit nie sê dat ons ons identiteit verloor nie. Ons is nog steeds wie ons in Christus is. Dis 'n ander saak as die gebou 'n moskee of sinagoge word – 'n aanbiddingsplek vir mense wat nie in Christus glo nie.

**SLOT**
Wat wil jy wees as jy eendag groot is? Jy kan maar jouself wees – jou nuwe self, in Christus! Amen 25/09/11